Bybel vir Kinders

bied aan



'n Slegte tyd vir Jesus

Geskryf deur: Edward Hughes

Ge-illustreer: Byron Unger; Lazarus

Vertaal deur: Yvette Brits

Aangepas deur: M. Maillot; Sarah S.

Storie 38 van 60

www.M1914.org

Bible for Children, *PO Box 3, Winnipeg, MB R3C 2G1 Canada*

Lisensie: U het die reg om hierdie stories te kopieër en te druk maar u mag dit nie verkoop nie.

Afrikaans

Toe Jesus gedoop is, het God gepraat. Hy het gesê, "Dit is My Geliefde Seun. Oor Hom verheug ek My." God se HEILIGE GEES het op Jesus neergedaal soos 'n duif.

1

Kort daarna, het God se Heilige Gees, Jesus in die woestyn in gelei. Jesus was alleen.



2

Jesus het gevas vir veertig dae. Dit beteken Hy het nie enige kos geëet nie. Hy was baie honger.

3

Die Bybel sê daar was wilde diere ook.



4

Satan het gekom om Jesus in die versoeking te lei. Lank terug het hy vir Adam en Eva in die Tuin van Eden in die versoeking gelei om ongehoorsaam te wees aan God. Nou was dit Jesus wat getoets word.

5

Satan kon prober om tot God se Seun, Jesus in die versoeking te lei.



6

"As Jy God se Seun is," het die duiwel gesê, "verander hierdie klippe in brood."

7

Hy het geweet Jesus was honger. Hy het geweet Gos se Seun kon klippe in brood verander. Sou Jesus die duiwel gehoorsaam?

8

Nee! Jesus het nie die duiwel gehoorsaam nie. In plaas daarvan het Hy geantwoord uit God se Woord.



9

"'n Mens leef nie net van brood nie maar van elke word wat uit die mond van God kom."



10

Toe het Satan vir Jeus geneem na die groot stad Jerusalem, na die groot tempel waar die mense God aanbid het. Wat sou die duiwel volgende doen?



11

"As Jy God se Seun is, gooi jouself af," het die duiwel gesê. "Sy woord sê Sy engele sal Jou red."



12

"Nee!" het Jesus geantwoord. "Daar staan ook geskrywe: Jy mag die Here jou God nie op die proef stel nie."



13

Die duiwel het weer prober. Hy het vir Jesus uit die stad geneem na 'n baie hoë berg toe.

14

Hy wys vir Jesus al die koningkryke van die wêreld met hulle prag en sê, "Dit alles sal ek vir U gee as U neerval en my aanbid."



15

Maar Jesus sê vir hom: "Gaan weg, Satan, want daar staan geskrywe: Die Here jou God moet jy aaanbid en Hom alleen dien."



16

Daarna het die duiwel Hom met rus gelaat. Toe het iets wonderlik gebeur.

17

God het engele gestuur om Hom te troos en te versorg – Jesus Sy Seun – wat nie die duiwel gehoorsaam het nie.

18

'n Slegte tyd vir Jesus

'n Storie uit God se woord, die Bybel,

soos gevind in

Matteus 4, Lukas 4

"Die lees van die Woord gee lig."
Psalms 119:130

God weet ons het lelike dinge gedoen, Hy noem dit sonde. Die straf vir sonde is die dood.

God het ons so lief gehad dat hy Sy Enigste seun, Jesus, gestuur het om aan 'n kruis te sterf om vir ons sondes te betaal. Jesus het lewendig geword en Hemel toe gegaan! Sodat God ons ons sondes kan vergewe.

As jy nou jou sondes vergewe wil he, se die volgende aan God: Liewe Jesus, ek glo dat U vir my gesterf het en weer opgestaan het. Kom asseblief in my lewe in en vergewe my my sondes, sodat ek 'n nuwe lewe kan he, en eendag vir ewig saam met U kan lewe. Help my om vir U te lewe en U kind te kan wees. Amen. Johannes 3:16

Lees die Bybel en praat met God elke dag!